Skriflesing: 1 Timotheus 1: 12-20
Teks: **1 Timotheus 1:15b**
Sing: VOORAF SANG – Ps. 65: 1,3
TYDENS EREDIENS - Ps. 92:1,6; Ps. 71: 1, 10; Ps. 102: 1,8; Ps. 119:49, 55
1 Timotheus 1: 12-20

1Ti 1:12 Teenoor Christus Jesus ons Here is ek dankbaar: Hy het my krag gegee en my betroubaar geag om my in sy diens te stel,
1Ti 1:13 al het ek Hom voorheen belaster, vervolg en beledig. Maar God was genadig teenoor my omdat ek in my ongeloof nie geweet het wat ek doen nie.
1Ti 1:14 Ons Here het my oorlaai met sy genade en met geloof en liefde wat ons deel is in Christus Jesus.
1Ti 1:15 Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste.
1Ti 1:16 Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry.
1Ti 1:17 Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.
1Ti 1:18 Hierdie opdrag gee ek aan jou, Timoteus, my kind, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is. Met hierdie woorde in gedagte, moet jy die goeie stryd stry.
1Ti 1:19 Hou vas aan die geloof en behou 'n goeie gewete. Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely.
1Ti 1:20 Onder hulle is daar Himeneus en Aleksander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle daardeur kan leer om God nie te laster nie.

Skriflesing: 1 Timotheus 1: 12-20
Teks: **1 Timotheus 1:15b**
Sing: VOORAF SANG – Ps. 65: 1,3
TYDENS EREDIENS - Ps. 92:1,6; Ps. 71: 1, 10; Ps. 102: 1,8; Ps. 119:49, 55

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons dikwels met mekaar wil praat oor wat jou en my geloof persoonlik vir ons beteken dan is mense nogal huiwerig. Sommige het selfs ’n standpunt van my geloof is vir my ’n persoonlike saak en ek praat nie met andere daaroor nie. Dis opvallend dat ons Paulus op ’n ander manier oor sy geloof hoor praat. Hy wat nou reeds ’n ouman is, wat aan die jongman Timotheus skrywe is nie bang om oor sy eie persoonlike verhouding met God baie dinge te sê en baie dinge uit te klaar nie. Om te verstaan moet daar gepraat word. Baie keer diep, eerlik en reguit. Hoe reguit en hoe diep handel Paulus in sy geloof selfs met dié dinge wat hom baie direk en persoonlik raak.

En hy handel nie vanuit sy eie mens-wees van hoe ek dinge kon regkry en wat my selfbeeld my al in die lewe laat bereik het nie. Paulus se benadering tot wie hy is en wat God vir hom beteken lê bietjie anders as wat die moderne wêreld en veral die tydsgees en so baie sielkundiges mense wil laat glo in die heelmaak van andere se lewens. Mense wat vir jou sê jy moet tog baie meer positief ingesteld wees, moet nie so negatief wees nie, of dat jy so baie werd is. Bou jouself op, selfvertroue is die sleutel tot die lewe. Die fout lê beslis elders, nie by jouself of myself nie! Jou ware geluk is jy wat dit bepaal, jy maak jou eie geluk.

As ons weer mooi na ons teksverse luister dan val dit heel anders op die oor. Ons lees die 2020 Vertaling- *...dat Christus Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te verlos, van wie ek die heel grootste is.* Kom u agter hoe eerlik, reguit raak hierdie uitspraak is in vergelyking met mense wat glo dié dinge wat verkeerd is, is nie regtig jou en my skuld nie. Ons moet almal se regte en menswaardigheid en omstandighede heeltyd in ag neem om die werklike mens wie daar is beter te verstaan, te begryp en te hanteer.

Nie vir ’n oomblik is dit nie dinge wat nie na gekyk moet word nie, inteendeel, maar tog is die groter vraag dalk veel eerder ... hoe benader ons die dinge, wat is my invalshoek as ek myself begin meet in wat die lewe tot nou met my gemaak het en wat ek met die lewe gemaak het. Paulus is pynlik eerlik met Timotheus. Dit sien ons raak.

Van die heel begin van hierdie brief stel Paulus sy eie posisie sterk en duidelik, hy is ’n geroepe apostel, hy skryf en werk in opdrag van God deur Christus. Christus is sy hoop (v1). Die gesag wat hy dra en bedien kom van Christus, beslis nie uit homself nie. Dan het ons verlede Sondag die gevaar van dwalinge en die baie maniere waarop dwaalleraars die gelowiges kan laat twyfel en hulle geloof kan aantas, gehoor. Daar is so baie dwalinge en dinge wat dwaalleraars dryf dat ons nooit gerus kan wees as die gesonde leer in ons lewe gedien en verdedig moet word nie. Ons het gewys dat daar is seker duisende vorme van dwalinge maar as dit kom by die gesonde leer, wat betroubaar is en wat werd is om aangeneem te word, dan is daar net dié één gesonde leer, daar is nie baie ander nie. Daar is net één gesonde leer! Daar is net een waarheid.

Nooit mag ons die groot tema van hierdie brief agterlaat nie dat die kerk is die huisgesin van God, ’n pilaar en grondslag, ’n pilaar en fondament van die waarheid. Of soos die 1983 vertaling dit noem *’n draer en beskermer van die waarheid*. Daarmee is Paulus steeds besig as hy in hoofstuk 1 oor homself en andere skryf dan wil hy draer en beskermer van die waarheid wees. Daar is rondom hierdie sentrale waarheid dan drie dinge wat ons vandag kan uitlig. Eerstens- Christus se koms na die wêreld. In die tweede plek- Hy het gekom vir sondaars. In die laaste plek – hoe ’n groot sondaar is ek? Eerste dan -

<u>Christus se koms na die wêreld:</u>

Hier kom die krip en die kruis bymekaar. Christus se menswording, sy koms as mens, wat reeds die pad van lyding, swaarkry, ingelei het. Daar was nie romantiek in sy koms nie. Al wil mense so graag iets van ’n romantiek in sy koms inlees. Hy is in ’n stal gebore, in ’n krip

van diere neergelê, te midde van verwarring en trane. Sy ouers moes vlug toe Herodes voor die voet babas begin doodmaak het om eintlik toe alreeds vir Jesus dood te kry. Die vlug is die trekpad wat die pad van God oopmaak. Toe die profete geprofeteer het, was daar al gesê – *Uit Egipte het ek my seun geroep* ... Jesus se koms het die pad moes volg wat God se volk ook gevolg het. 'n Hardepad maar tog ook genade pad.

Hoe hard was die pad wat Paulus nie moes loop nie? Paulus is tegelyk die duidelikste bewys wat het God se genade in sy lewe gedoen, spesifiek wat die koms van Christus vir hom beteken. Paulus kom nie vanoggend deur God se Gees na ons met goedvoel woorde, woorde wat sê jy moet net 'n beter selfbeeld kry of ruk jou reg man! Of dat jy net op die positiewe moet fokus nie. Nee, Paulus kom met God se Woord en hy het in die pastorale briewe 'n besondere manier hoe hy na God se Woord verwys. Ja, uniek aan die pastorale briewe is wanneer hy *sê 15 Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word.* Tog is die eerste betroubare waarna Paulus verwys hoe God hom wat Paulus is krag gegee het en *hom betroubaar geag het* om hom in God se diens te stel.

Uit sy betroubare getuienis wat nie so kon wees as Jesus nie na hierdie wêreld gekom het nie. Dan volg die betroubaarheid van die Woord. Die Woord van God kan sonder voorbehoud aanvaar word, het ons gelees. *Dit is werd om ten volle aanvaar te word*, staan in die 2020 Vert. Uit Christus se koms wat alles voorafgaan, Hy wat nog altyd God was, Hom sien Paulus as die Een wat gekom het vir sondaars... Ons tweede gedagte dan...

Wat word bedoel dat Jesus vir sondaars na die wêreld gekom het?

Duideliker kan dit seker nie staan nie, dat as Jesus net sou kom om mense aan te moedig dat hulle eintlik hulleself kan verlos, dan was sy menswording nie nodig nie. Hy het ook nie gekom om saam met ons te werk dat Hy ons kan help om verlos te word nie. Of dat Hy na hierdie wêreld gekom het en wel aan die deur van jou hart klop om vir Hom oop te maak maar as ek nie wil oopmaak nie, sal Hy nie in my hart kan kom nie. Niks van hierdie uitgangspunte is waar nie.

Die eenvoudige waarheid, net één waarheid is dat Jesus gekom het *om sondaars te verlos.* Sondaars, dis ons elkeen wat die regverdige en ewige straf van God verdien. As God my ewig verlore laat gaan het dan was Hy steeds die ewige regverdige God gewees. Elke mens verdien die ewige straf van God op wat ons sonde is en wat sonde doen. Daaroor mag geen twyfel of misverstand wees nie.

Dan is dit so aangrypend dat Paulus maak homself die voorbeeld van die sondepad en die genadepad wat nie vanmekaar geskei kan word nie. Oor genade handel hy baie uitgebreid. Genade wat juis beteken ek kry iets wat ek nooit sou kon verdien nie. Ons sien hoe hierdie genade net van Een kon gekom het nl. Jesus Christus wat hom krag gegee het, hom wat Paulus getrou geag het en vir Paulus in die bediening gestel het (v12).

***

Die bron van genade staan nie los nie. Ons sal genade ook eers beter verstaan as ons besef vanwaar dit kom en hoe nodig ons God se genade in Christus het. Daar moet by my 'n werklike behoefte aan God se genade wees. Paulus wys daarop in watter groot moeilikheid hy was. Hy wat Christus voorheen belaster het, vervolg het, hoe het hy wat Paulus is nie vir Christus beledig nie. As Paulus verduidelik dat hy uit onkunde so opgetree het dan probeer hy beslis nie homself te verskoon nie. Wat hy wel nie geweet het nie is dat hy God se Seun wat vir ons sonde gekom het dat hy in werklikheid besig was om die almagtige Here te vervolg. Tog slaan Paulus dadelik ag op hoe onweerstaanbaar, of moet ons dalk eerder sê hoe kragtig werk God se genade. Daarteen kan geen mens weerstand bied nie. Wonderlik as ons dit besef, erken en bely. Ek kan nie teen God se genade weerstand bied nie, al mag dit vir baie lank so lyk en so aangaan maar sê Paulus in vers 13 al was sy vraag na genade 'n groot vraag is die krag van God se genade nog groter. Hy sê in vers 13b ... *Maar God was genadig teenoor my omdat ek in my ongeloof nie geweet het wat ek doen dit nie.* Die krag van God se genade is vir Paulus ook dit waarmee God Hom oorlaai het. Hierdie genade het eintlik nie mate as dit gemeet sou moes word nie. Hy sê in vers 14 - *14 Ons Here het my oorlaai met sy genade en met geloof en liefde wat ons deel is in Christus Jesus.*

En dan is vv 15-16 eintlik 'n beskrywing van die doel waarom God hom die genade verleen het... Dit waaroor ons teksverse ook vandag oor handel. In v 16 stel hy die doel net nog duideliker- *16 Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry.* As Paulus die doel van God se genade in die koms van Christus vir sondaars bymekaarbring kan ons reaksie op wat God se genade is nie anders wees as vers 17 nie- *17 Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.*

Hierdie genadeleer is allesoorheersend. God gee nie net ’n klein bietjie genade nie, maar Hy oorlaai ons daarmee van alle kante. Dit is soos in ’n stroom water waarin ons net dieper en dieper kan inbeweeg. Wonderlik is water as daarmee reg gewerk word, verskriklik is water as daarmee verkeerd gewerk word. So is genade ook. Hoe wonderlik is genade as daarmee reg gewerk word, hoe verskriklik is genade as daarmee verkeerd gewerk word. Die doop met water is wonderlik, dit wat ons DV volgende Sondag weer met ’n kindjie mag doen, maar ons besef ook die doop is iets wat teen my gehou sal word as daar met die doop van ons en ons kinders nie reg gewerk word nie. Dan kan ek in my doop verdrink! Dit laat ons dan vandag in die laaste plek vra-

Hoe ’n groot sondaar is ek?!

Paulus noem homself ’n sondaar in die oortreffende trap. Hy het in sy pad wat hy geloop het en ook nou weer vir Timotheus sy eie lewenspad uitlê dit goed verstaan - Van sondaars is ek die grootste... Ons besef geliefdes, ons genadeleer is nou verbind aan wat sonde is en sonde doen. As ek nie van harte oortuig is hoe ’n groot sondaar ek is nie, dan sal ek God se genade altyd nog weer onderskat. Paulus het sy sonde besef daarom het hy Christus se koms en dit wat Christus vir hom kom doen het van alle kante beskryf. Vanwaar genade kom, hoe kragtig genade werk, hoe groot God se genade in Christus is, ook die verdere doel en wat ons reaksie op God se genade moet wees het Paulus duidelik vandag weer vir ons uiteengesit soos wat Paulus vir Timotheus dit kon uiteensit.

Ons het nie een die bewys om te mag sê ek is nie so ’n groot sondaar soos Paulus nie. Tog omdat Paulus geweet het die lewe op aarde is nie ’n piekniek nie, sonde lê en wag vir ons, dit is soos ’n ongedierte wat jou voorlê, soveel te meer moet ons wakker wees. Soveel te meer moet ons Paulus se opdrag aan Timotheus ter harte neem ... Stry die goeie stryd. Ons weet ons stryd is nie eerstens teen vlees en bloed nie, maar het ons ’n geweldig geestelike stryd om te moet bly stry. ’n Stryd teen Satan, teen die sondige wêreld, ’n stryd teen myself wat so ’n groot sondaar is. ’n Stryd wat ek nooit sonder die krag van die Heilige Gees sal kan bly stry nie.

Daarom gee altyddeur ag op God se betroubare Woord, ook op die gesonde leer waarop ons verlede Sondag die klem kon plaas. Glo die Woord, moet nie dat jou gewete toegroei, afgestomp raak, op die einde as jou gewete nie meer met jou praat nie, dan moet ons baie bekommer wees. Paulus noem twee mense, twee manne, Himeneus en Aleksander wat hulle gewetens het toegeskroei. Dan is die geloof ook nie meer daar nie.

In vers 19 bring Paulus die geloof en die gewete na mekaar toe. Hoe mooi stel hy dit ... *9 Hou vas aan die geloof en behou 'n goeie gewete. Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely.* Die Grieks het omtrent 30 verskillende woorde of woordvelde wat op die maritime lewe dui, dit wat met die see verband hou. 30 verskillende velde binne die see en so het hierdie twee manne se geloof *skipbreuk gely.* In die oorspronklike taal kom dit daarop neer die mens wat so skipbreuk ly, hy/sy word die gebreekte skip. So een word die wrak van sy eie lewe. Tragies as ’n mens by daardie punt gekom het. Dit gebeur wanneer ek nie meer weet hoe ’n groot sondaar ek is en hoe nodig ek God se genade het nie. Tegelyk as ek die genade beleef dan word ek ’n skip wat diep die see van die lewe kan invaar.

Dit is die mooie wat Paulus aan Timotheus wil opdra. Daar is nie sonde te groot wat nie vergewe kan word nie. Hoe het hy wat Paulus is die Here belaster, vervolg en beledig. Hy het die bloed van die eerste diaken aan sy hande. Paulus het toegesien dat Stefanus gesteenig word. Paulus was werklik ’n vyand van die Here se kerk. Tog toe hy werklik God se huisgesin, God se kerk kon inkom, toe was sy lewe dit waarmee hy ook Timotheus kon bemoedig. Hy wat die ewige dood verdien het, ontvang die ewige lewe. Hy wat voor God so skuldig gestaan het word in Christus onskuldig verklaar. Christus het die prys ten volle betaal. Hoe mooi sê Paulus dit in vers 16 ... *16 Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry.*

Die grootste sondaar praat van groot genade. As ons na die Grieks kyk dan beklemtoon Paulus sy grote sonde en wat hom ’n groot sondaar maak ... Letterlik staan dit eintlik hier ... *ek, ek is die grootste sondaar.* Dis wonderlik as ’n mens by daardie deel kan uitkom. Ook jou en my deel vandag om dan van God se groot genade te mag praat.

Ons sondebesef en genadebesef groei na mekaar toe sodat ons al nader na die Here toe kan groei. Hoe nader aan die Here hoe vaster staan ons en hoe meer kan ons dan teen die sonde weerstand bied. Tog raak mens al meer bewus ook van die sonde wat nog in my agterbly en wat my wil onderkry. Groei in die geloof beteken nooit dat ek dink ek kan op my eie staan nie. Groei in die geloof beteken juis dat ek al meer besef hoe nodig ek Jesus Christus in my lewe het.

Ons besef vandag daar waar die wêreld ons wil leer jy moet net meer positief oor jouself wees, dat elke mens eintlik ’n inherente goeie mens is, dat ek alles net met meer en meer selfvertroue moet doen, daar sê die Here vir ons vandag deur Paulus dit heel anders. Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Hy het kom doen wat niemand anders sou kon doen nie. Ek kan myself nie verlos nie, uit myself kan ek nie ’n beter mens word nie, maar tog wanneer ek in God se genade groei, ek word deel van God se huisgesin, sy Kerk, dan weet ek, ek kan nie op my eie bene staan nie, tog God hou my staande. Aan die einde van elke dag is my aandgedagte hoe ’n groot sondaar ek is maar tegelyk mag ek die aande ingaan dat God se genade is ook vir my genoeg. Ek kan elke dag die rooidag wakker maak nie omdat ek die dag kon wakker maak nie, maar omdat God my wakker gemaak het met sy liefde, sy genade, met geloof en ’n gewete wat werk en wat my laat besef hoe groot is God se genade reeds aan my bewys wat so ’n groot sondaar is. ’n Sondaar wat sal moet kan antwoord of ek wel dankbaar is vir wat reeds aan my geskenk is.

Dis eintlik maar die Kategismus in sy drie dele wat ons vandag weer kon hoor. Die eerste hoe groot my sonde en ellende is, tweedens hoe ek daarvan verlos kan word en hoe ek God vir so ’n verlossing dankbaar moet wees.

AMEN

EK, DIE HEEL GROOTSTE SONDAAR?!